

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

Huis Bron-van-Heil se basaar help bou aan 'n beter tuiste

Huis Bron-van-Heil se jaarlikse basaar vind op Saterdag 24 Oktober vanaf 09:00 plaas. Dié dag bied die gemeenskap 'n geleentheid om lekker saam te kuier én by te dra tot noodsaaklike verbeterings aan die tuiste vir bejaardes.

Die basaar is 'n belangrike fondsinsamelings-geleentheid waarmee Huis Bron-van-Heil sy geboue in stand hou en inwoners se lewensomstandighede verbeter. Die ondersteuning van die 2025-basaar, met die veiling wat die grootste inkomste opgelewer het, het verskeie opknappings gedurende 2025 en 2026 moontlik gemaak.

Drie badkamers is oorgedoen, nuwe gordyne en muurpapier is aangebring en geute is vervang. Die kombuis is opgegradeer, 'n salon is ingerig en die eerste barbierstoel is geskenk. Waar nodig, is vloere ook vervang, met besigheidseienaars wat die instelling tegemoetgekom het om die werk moontlik te maak. Die besoekersbadkamer is eweneens opgeknip, terwyl herstelwerk aan die dakke vir einde Oktober beplan word.

Hoewel hierdie verbeterings reeds 'n groot verskil maak, is daar steeds behoeftes wat aandag verg. Dit sluit nuwe eetgerei, waterdigte matrasse, hospitaalbeddens en die vervanging van plafonne in.

Vervolg bladsy 3



suremarx

EIS JY NOOIT?

VOEL DIT OF JY JOU GELD IN DIE WATER GOOI?

Ownsurance is dan die perfekte produk vir jou. Kry tot en met **60%** van jou premies terug met 100% omvattende dekking.

OWNsurance
Nuwe Oplossings vir Ou Probleme

JOU EERSTE STAP TOT SELF-VERSEKERING

Agri Motor (Trekke, Stropers, Planters & Implemente) en Vlootversekering.
Bepalings en Voorwaardes Geld.

083 288 6365 | 016 971 1885 | info@suremarx.co.za

FSP 4086

NOVON
PROTECTA


Johnny Claassen - 082 779 3417

JCB

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

HIGH FERT
HF
KUNSMIS

Eben Claassen - 072 581 7627



Dit het die eerste keer in 1858 gebeur, en dit nogal by die Universiteit van Kaap de Goeie Hoop. Menige graad 12 leerder het soontoe gegaan vir die finale eksamen. Vir die eerste keer het Suid-Afrika ’n kwalifikasie gehad waarmee hulle as eerstejaarstudent toegelaat kon word by ’n Universiteit. Ek weet nie hoe dit voorheen gewerk het nie. Maar sedert 1858 is daar opflikkering in menige persoon se oë wanneer jy van die matriekeksamen praat.

My gryse ou pa is in 1933 gebore. Hy was in ’n tweemanskool, Veepos in die Noordwes Vrystaat tot seker in graad 7. Daarna is hy dorpskool toe. In 1951 moet hy matriekeksamen skryf. In daardie jare het die skole nog matesis aangebied. Dis dieselfe as Wiskunde wat

ons vandag ken. Ek kan my glad nie uitlaat oor die standaard van Matesis wanneer dit met hedendaagse Wiskunde vergelyk word nie.

My gryse ou pa het elke oggend by die skool opgedaag om die gewraakte eksamen te skryf. Tot op die laaste dag: hy kry toe pampoentjies, en kon daardie vak eers aan die begin van die volgende jaar skryf.

My gryse ou pa het omtrent tot by die ouderdom van 80, gereeld gedroom dat hy Matesis skryf. Hulle onderwyser, Mnr Bonnet, het ook gereeld die hoofrol in sy drome gespeel. Blykbaar was die ou man ’n vreeslike kwaai meneer.

Gryse ou pa het altyd vertel dat hulle aan die linkerkant van die bank moes staan tydens die eerste paar minute van die Matesis klas. Ou Bonnet het dan van voor af deur die klas geloop en vir elke leerder gevra om ’n hoofbewerking te doen. Sommer so in die staan sonder pen en papier.

Gryse ou pa het vertel dat ou Bonnet onmenslike groot hande gehad het. Wanneer iemand se antwoord verkeerd was, het ou Bonnet sy groot hande geswaai en die leerder dwarsdeur die bank geklap sodat die leerder dan aan die ander kant van die bank staan.

’n Paar minute daarna sou Bonnet ook aan die ander kant van die bank wees, en weer ’n hoofrekene som vra. As die leerder weer verkeerd antwoord, is hy na die ander kant van die bank geklap.

Gryse ou pa het altyd na ou Bonnet se hande verwys as “varkhamme”. In my geestesoog kon ek al sien hoe hierdie reuse hande jou van bakboord na stuurboord kan klap. Dit is maar seker waar Gryse ou pa se drome vanaankom:

’n inherente vrees dat Bonnet, nou reeds lank salig, sy opwagtig sal maak.

Net as ’n nota: My gryse ou pa was briljant in hoofrekene. In *doerie* jare moes hulle drie kolomme kon optel: ponde, sjielings en pennies. Ek het beleef hoe goed sy wiskunde was toe ons die gastelys vir my rooikopsussie se troue opgestel het. Sy het twee kolomme gehad: een vir grootmense en een kolom vir kinders.

My gryse ou pa het sy twee vingers gevat en die twee kolomme van bo na onder bekyk, en daarna twee antwoorde gegee. En ek sukkel nou nog met die basiese hoofrekene! Smaak my ek het vir Bonnet misgeloop.

Dit het nog nie baie verander nie. Matriekeksamens kom en matriekeksamens gaan. Elke jaar se uitslae word met dieselfde kommentaar begroet. Elke vraestel word tot op die been ontleed en die media praat met vakspesialiste om hulle opinie oor die vraestelle te hoor. Gereeld kry ons opdaterings oor die vordering met die nasien daarvan.

Gister gesels ek met ’n professionele ouditeur wie se seun hierdie jaar in matriek is. Hy het pas sy eerste vraestel geskryf en vir ma laat weet dat dit baie goed gegaan het. (Ek kan nie onthou dat ek ooit ’n vraestel geskryf het waar dit “baie goed” gegaan het nie. Ek was maar altyd skrikkerig.)

Die ma vertel dat sy die vorige aand in ’n koue sweet wakker geword het: sy was besig om Wiskunde te skryf. So het tye nog nooit verander nie. Die Wiskundedrome hou net aan en aan.

Leerders praat mekaar bang oor die eksamens. Die vraestelle gaan sus en

so wees. Die eksaminatore is daarop uit om die leerders uit te vang en nie om hulle kennis te toets nie. Die merkers, o, die merkers is nie gekwalifiseerd om die vak te merk nie. Want weet jy, my buurvrou se suster se kind het gaan merk en sy het nog nooit skoolgehou nie. En dan word al die punte aangepas om seker te maak dat party kinders graad 12 deurkom en die ander nie. Hulle vat ook punte weg van die leerders wat baie goed gedoen het, en gee die punte vir ander leerders.

Wat ’n pot bog! Net soos wat jy die eksamens by die skool sou aflê, so word hierdie matriekeksamen afgelê. Dis nie net een persoon wat die eksamen vraestel opstel nie, daar is ’n hele paneel wat saam werk. Umalusi modereer die vraestel om te bepaal of dit op die regte standaard is.

Merkers mag net merk as hulle onderwysers is. ’n Onderwyser moet gekwalifiseerd wees en moet by SARO geregistreer wees. En punte word nie vanaf een leerder geneem en vir ’n ander leerder gegee nie. Daarvoor sorg Umalusi.

O, ja en in teenstelling met die openbare mening, kom iemand nie die Nasionale Senior Sertifikaateksamen deur indien hulle net 30% in hulle vakke behaal nie.

So, laat jou hart bedaar terwyl jy voorberei vir die eksamen. Dit handel oor dieselfde werk wat jy deur die jaar gedoen het en waaroor jy in September eksamens geskryf het.

Sterkte vir elkeen wat hierdeur moet gaan, ook aan die gesinne.

En sorg dat julle hoofreken kan doen, anders mag julle dalk net van ou Bonnet droom.

Heilbron left in no-man’s-land after Ngwathe council dissolution

by Dr Igor Scheurkogel MP - DA Constituency Head Metsimaholo Local Municipality

- Heilbron residents face uncertainty over basic services.
- DA demands accountability for municipal assets and repairs.
- CoGTA must ensure a clear, funded handover plan.

Heilbron residents are being left in the cold as Ngwathe fails to respond to basic service-delivery complaints. With the town due to become part of

Tydlike Veilige Sorg

Wanneer ’n kind uit die sorg van die biologiese ouers verwyder word, word die kind vir tot 90 dae in tydelike veilige sorg by ’n gesin geplaas. Gedurende hierdie tyd doen die maatskaplike werker ’n hofondersoek om die kind se omstandighede te bepaal. In sekere gevalle kan uitstel gevra word indien verdere inligting benodig word.

NA AFLOOP VAN DIE ONDERSOEK KAN DIE KIND:

- in pleegsorg geplaas word, of
- na die biologiese ouers terugkeer indien die hof bevind dat die kind nie sorgbehoewend is nie.

Tydelike veiligheidsouers kan kinders vir kort tydperke versorg (’n naweek tot en met die 90 dae periode) terwyl familie opgespoor word of die saak afgehandel word.

’n Tydelike veilige sorgtoelaag is beskikbaar, maar die veiligheidsouer bly verantwoordelik vir sekere uitgawes, soos skoolkoste (veral vir jong kinders).

Engo Gesinsorg Heilbron:
 Luytsstraat 44, Heilbron
 060 572 8230 / 058 110 0367
 adminheilbron@engo.co.za

Metsimaholo, residents deserve to know who will keep services running over the coming month and who will take responsibility after the handover.

I warned that Free State CoGTA MEC Saki Mokoena’s premature dissolution of the Ngwathe Municipal Council, only months before the local government elections, would create instability. The unresolved service delivery problems in Heilbron demonstrats exactly why that warning mattered.

Section 139(5) (a) of the Constitution requires a binding recovery plan to restore a municipality’s ability to provide basic services and meet its financial obligations. In August, the NCOP Select Committee recommended withdrawing Ngwathe’s dissolution and imposing the recovery plan first. It recommended dissolution under section 139(5)(b) only if the council could not or would not approve the legislative measures needed to implement that plan.

Residents deserve to see what the intervention is actually delivering.

Ex-Ngwathe Councillor Robert Ferendal raised concerns about municipal vehicles and equipment sitting broken or unused while the municipality hires contractors to provide the same services. A contractor’s refuse truck is being used while the municipality’s own truck is out of service. Similar concerns apply to the cherry picker and other equipment.

The municipality must disclose the costs of hiring these vehicles and equipment, as well as the costs and timelines for repairing its own assets. Public money must be spent responsibly and transparently, and residents must receive value for every rand.

Two high-mast floodlights in Sandersville, which Robert Ferendale reported a week ago, remain unrepaired. Residents need functioning lighting and a municipality that responds when faults are reported.

Delayed maintenance and weak accountability carry consequences for public health, the

environment and everyday service delivery.

CoGTA has not given Heilbron residents a clear, funded service delivery plan for the coming month. Ngwathe is failing to respond, and Metsimaholo is not stepping in. Where must residents turn for assistance?

Heilbron cannot be treated as no-man’s-land where every resident must fend for themselves. Until service responsibilities are lawfully transferred, Ngwathe and its administrator remain accountable for serving Heilbron. The provincial government must ensure continuity throughout the transition.

The DA calls on Mokoena, the Ngwathe administrator and both municipal managers to urgently publish a plan identifying who is responsible for each service, the available budget, repair deadlines and a working complaints and escalation channel. Refuse removal, faulty lighting and broken municipal equipment require immediate attention.

CoGTA must also publish the Heilbron handover timetable and explain how staff, assets, budgets and outstanding service complaints will be transferred to Metsimaholo. Residents must know who to contact before and after incorporation, and how Metsimaholo will be equipped to fulfil its responsibilities.

On 4 November, residents can send the ANC a clear message: we will not be used for your political battles while we sit without services.

Heilbron residents deserve better. They deserve a municipality that answers them, repairs its infrastructure and delivers the services it is entrusted to provide.

Media Enquiries
• Dr Igor Scheurkogel MP
DA Constituency Head Metsimaholo
Local Municipality - 073 860 3698
• Heidre Malgas
DA Free State Provincial Media
Officer - 065 669 5808

Huis Bron-van-Heil se basaar help bou aan 'n beter tuiste

Hierdie items dra direk by tot die gerief, veiligheid en versorging van inwoners.

“Alles wat ons het en alles wat ons is, is te danke aan die gemeenskap,” beklemtoon bestuurder Isabelle Hausleitner. Sonder die ondersteuning van besighede, individue, kerke en ander weldoeners sou baie van die verbeterings nie moontlik gewees het nie.

Huis Bron-van-Heil is 'n nie-winsgewende organisasie wat aan die gemeentes behoort. Die direksie bestaan uit gemeenskapslede wat help met die bestuur en voortbestaan van die instelling. Oor die jare het besighede onder meer kamers geborg, terwyl individue en organisasies steeds op verskillende maniere hul ondersteuning bied.

Vanjaar se basaar belooft weer 'n vrolike dag met volop eetgoed, vermaak en geleentheid om deel te neem. Ds. Fouché open die verrigtinge en Boet van Zyl tree as seremoniemeester op.

Die tema, “Raai wie is ek?”, gee deelnemers die kans om hul verbeelding en kreatiwiteit vrye teuels te gee. Besoekers kan soos enigiets aantrek – van 'n polisieman of verpleegster tot 'n

Golden Girl of Spice Girl. Inskrywings kos R50 en kan by die ouetehuis se stalletjie gedoen word. Pryse word toegeken vir die oorspronklikste uitrusting, die meeste moeite en die smaakste voorkoms.

Besoekers kan ook hul raakings toets met 'n troufoto-kompetisie waarin hulle moet raai wie op die foto's verskyn. Daar sal verder 'n bottel vol lekkergoed wees waarvan die hoeveelheid lekkers geraai kan word. Hoërskool Heilbron se leerders sal ook 'n draai maak en met hul voordragte tot die dag se program bydra.

Die snoepie sal lekkergoed, koeldrank, tee, koffie en roomys verkoop. Verskeie kerke sorg vir die kos: Suidkerk bied kerrie en rys en sosaties aan, die Gereformeerde Kerk verkoop pannekoeke, Moederkerk sorg vir poeding en die APK bied koek aan.

Braai-pakke kan vooraf bestel of op die dag gekoop word teen R100 elk. Aartappelslaai en kerrienoodelslaai sal afsonderlik in bakkies beskikbaar wees.

Die gewilde veiling is weer deel van die program, met skape en verskeie ander items wat onder die hamer kom. Ná die veiling se groot bydrae tot verlede jaar se fondsinsameling word daar weer op sterk ondersteuning gehoop.

Die doel is om Huis Bron-van-Heil stap vir stap op te knap sodat inwoners die verblyf en versorging kan geniet wat hulle verdien. Daarvoor is volgehoue ondersteuning nodig, ook deur die jaar heen.

Elke bord kos wat gekoop word, elke veilingbod, elke inskrywing en elke skenking help om hierdie doel te bereik. Die gemeenskap word hartlik uitgenooi om op 24 Oktober saam te kuier en Huis Bron-van-Heil se hand te versterk – sodat bejaardes met waardigheid, gerief en sorg kan woon.



Op die foto: Gert Kruger en Isabelle Hausleitner (Bestuurder van Huis Bron-van-Heil) by die badkamers wat oorgedoen word.

Kleuterkasteel se vetveiling samel R43 000 in

Heilbron Kleuterkasteel se vetveiling, wat op Maandag 31 Augustus by die Veilingskrale plaasgevind het, het danksy die ruimhartige bydraes van borge en ondersteuners 'n totaal van R43 000 opgelewer.

Die bestuur, personeel, ouers en kinders van Kleuterkasteel het hul opregte dank uitgespreek teenoor almal wat tot die sukses van die veiling bygedra het.

'n Spesiale woord van dank gaan aan Vleissentraal Frankfort vir hul betrokkenheid en ondersteuning, asook aan die borge: OK Foods, Platteland Apteek, Star Slaghuis, Bonus (Jannie Bornman), VKB,

Boerebande Heilbron, Brew Brothers, Jeff Roos, Telwiedre en Simone Kruger.

Die fondse wat ingesamel is, sal help om 'n veilige, liefdevolle en stimulerende omgewing te skep waarin die kleuters kan groei en leer.

Volgens die skool is elke bydrae, groot of klein, van besondere waarde. Die ondersteuning is veel meer as net 'n finansiële bydrae; dit is 'n belegging in die kinders se toekoms.

Kleuterkasteel bedank elke borg, ondersteuner, produsent, koper en medewerker vir hul tyd, moeite en ruimhartigheid. Dit is deur die samewerking en omgee van die gemeenskap dat daar 'n verskil in die lewens van die kleuters gemaak kan word.



Op die foto vl: PJ Muller, Hugo Groenewald, Flippie Snyman, Ian Grobbelaar en Arno Swart.



HEILBRON Oop Tuin

Vrydag 16 Oktober & Saterdag 17 Oktober 2026
09:00 – 16:30

65 Pienaarstraat, Heilbron

Toegang: GRATIS
Donasie aan Heilbron Ouetehuis.

Teetuin

Plantverkope

Rolstoelvriendelik

Glen Guinea

VALLEY OF THE GULLFRIES

Nog nie planne vir jou jaareindfunksie nie?

Bespreek Nou!

BESPREEK JOU JAAREIND Funksie

by Glen Guinea Lodge

VIER. GESELS. WAARDEER.

Bederf jou span met 'n onvergeetlike viering in 'n pragtige plattelandse omgewing.

BESPREEK VROEG OM JOU VOORKEURDAG TE VERSEKER

Kontak Wilanda 073 440 2943

Heilbron, Vrystaat
20 km buite Heilbron op die Petrus Strydom-pad
10 km toerpad • 10 km grondpad

Destiny's TREASURES

Registrations are open for 2027

Developing every child in spirit, body, & soul

- Academic Balance
- Character Building
- Christian Values

JOY CURRICULUM GR. RRR

STEP BY STEP CURRICULUM GR. RR

Helping kids reach their full potential to thrive in life!

058 853 1239
sod1@sodhellbron.co.za
64 Pierce Str. Heilbron 9650

PARTNERED WITH A&E

Ondersteun asb VVA projek



• VVA Bestuur

Moenie vergeet om jou loodjie by VKB, Hinterland, BKB, Arrie Nel Apteek, Platteland Apteek, Oasis, Plaaskombuis, Shalom, Bonus, Heilbron Herald, Salon Geody, Twist & Curl, Salon Zinadri of Kopanang te koop nie! Jy wil nie uitmis op 'n kans om hierdie heerlike koek te wen nie! Hierdie fondse wat deur Heilbron VVA geïen word, word aangewend vir skoolbenodighede vir 2027. Elke bydrae asook enige skenkings word opreg waardeer. Skenkings kan by Salon Geody afgegee word. Vir enige navrae, kontak gerus ons vriendelike bestuur: Rachelle Booyesen 0730211073, Riana Mouton 0733787940, Ina Slabbert, Lydia Terre Blanche, Nita Naude en Yvonne Smit.

RAISING future leaders

WITH FAITH, LOVE & PURPOSE.

LOVE PRAY OBEY

AT SCHOOL OF DESTINY, WE BELIEVE:

- Every child is loved unconditionally
- Faith guides everything we do
- Learning with purpose & excellence
- Character is just as important as knowledge

★ Train up a child in the way he should go... ★

— Proverbs 22:6

📢 Registrations are open for 2027 from Grade R up until Grade 8.

COME DISCOVER THE SCHOOL OF DESTINY DIFFERENCE

Where faith • love • learning • and purpose come together.

Contact: 0588531239 Email: sed1@skysat.co.za

Love • Pray • Obey

Vrystaat Versorging in Aksie

Vir slegs **R20**, en 'n kans om hierdie heerlike koek te wen, help JY ons om ons dorp se kinders te help met nodige skryfbehoeftes.

TREKKING VIND PLAAS op 30 OKTOBER 2026.

- Agter elke sukses-verhaal is daar hande wat gehelp het.
- Agter elke gemeenskap wat groei, is daar harte wat omgee.
- Agter elke toekomst van hoop, is daar vrywilligers wat kies om betrokke te raak.

Kaartjies is by alle versorgings in Heilbron te koop. Vir enige navrae kontak Rachele 073 021 1073 of Nita 073 278 7940

Dankie JY MAAK 'N VERSKIL

TREKKING VIND PLAAS op 30 OKTOBER 2026.

BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE BENODIGHEDDE

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwink@heilbron.co.za

Perez Schoeman maak sy merk op die krieketveld

Perez Schoeman van Hoërskool Heilbron is gekies vir die Fezile Dabi-Noord se O/13-krieketspan, wat gedurende die vakansie aan die Vrystaat-krieketweek in Welkom deelgeneem het. Tydens die toernooi het die span kragte gemeet teen ander streke in die Vrystaat, waaronder Lejweleputswa en Mangaung Metro. Perez se insluiting in die span is 'n besondere prestasie. Hoërskool Heilbron en die plaaslike gemeenskap is trots op hom en wens hom sterkte toe met sy verdere krieketloopbaan.



HOËRSKOOl HEILBRON NETBALPRESTASIES

Chenelle Els
O/17 WENSPAN
O/17 BESTE MIDDELBAAN SPELER

Qusanda van Schalkwyk
O/17 BESTE DOEL

SPPL 10 OKTOBER

#BronnieTrots

Heilbron netbal-dogters val in die kol by Fast 5-toernooi

Chenelle Els en Qusanda van Schalkwyk van Hoërskool Heilbron het Saterdag 10 Oktober by die SPPL Fast 5-netbaltoernooi in Frankfort hul staal gewys en met individuele toekennings en met 'n spanoorwinning huis toe gekeer. Qusanda is aangewys as die O/17-afdeling se beste doel, terwyl Chenelle deel was van die O/17-wenspan en boonop as die beste middelbaanspeler in die O/17-afdeling aangewys is. Die twee spelers se prestasies is 'n mooi hoogtepunt vir Hoërskool Heilbron se netbal en getuig van hul talent op die baan.

Suryn se leerders blink uit in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe

Suryn Claasen, wat ekstra klasse in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe aanbied, vier weer eens haar leerders se prestasies. Die Kwartaal 3-toppresteerders van Heilbron en Frankfort het uitstekende resultate behaal. Die volgende leerders het onderskeidelik meer as 80% in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe behaal: Ruan J v Rensburg, Kirsten Graaf, Milandi Swarts,

Miné Jv Rensburg, Wilmé Muller, Reinhard Roodt, Mienke Muller, Mari Fourie, CL Stadler, Hanro Swarts, Simonne Cronje, Chené Pretorius, MJ Hattingh, Liam Snyman, Amé Naudé, Jano Craffort, PL Snyman, Henré Weilbach, Wilhelm Dreyer en Lienkie van Wyk. Nog 'n groep leerders het hul punte met 10% of meer verbeter: Liazan Krogman, Mia Strydom, MJ Prinsloo, LT Erasmus, Marnus Graaff,

Christian Terblanche, Will Roberts, John Stadler, Aiden Hayward, Lynnlee Harding, Gerhard Engelbrecht, Danie Bornman, Danelri Mocke en Sharné Swanepoel. Met die oog op 2027 bied Suryn ekstra klasse aan leerders van Graad 5 tot Graad 12. Skryf jou kind nou in en help hom of haar om akademiese doelwitte te bereik! Kontak Suryn by 083 234 9882.



Wilmé Muller

Wilhelm Dreyer	LT Erasmus	Miné Jv Rensburg	Danie Bornman	MJ Prinsloo	PL Snyman	Liazan Krogman	CL Stadler	Lienkie v Wyk	MJ Hattingh	Marnus Graaff
Henré Weilbach	Chené Pretorius	Gerhard Engelbrecht	Reinhard Roodt	Simonne Cronje	Mia Strydom	Will Roberts	Kirsten Graaff	Milandti Swarts	Christian Terblanche	John Stadler
Danelri Mocke	Hanro Swarts	Jano Craffort	Amé Naude	Ruan J v Rensburg	Mienke Muller	Liam Snyman	Sharné Swanepoel	Aiden Hayward	Mari Fourie	Lynnlee Harding

CALENDAR

2027

Heilbron Herald Pricelist
Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald

44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3033
083 495 5512

A4 Wall Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, 297x210mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 220	R 200	R 420
50	R 280	R 280	R 560
100	R 360	R 350	R 710
300	R 700	R 620	R 1 320
500	R 1 000	R 980	R 1 980
1000	R 1 800	R 1 720	R 3 520

A3 Wall Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, 420x297mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 240	R 220	R 460
50	R 360	R 320	R 680
100	R 500	R 500	R 1 000
200	R 850	R 800	R 1 650
300	R 1 240	R 1 000	R 2 240
500	R 1 740	R 1 700	R 3 440
1000	R 3 330	R 3 200	R 6 530

Folded Triangular Desk Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, 210x297mm
Triangle Desk Calendar, Three Viewing sided

Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 780	R 750	R 1 530
200	R 1 060	R 1 000	R 2 060
300	R 1 240	R 1 200	R 2 440
400	R 1 460	R 1 400	R 2 860
500	R 1 650	R 1 600	R 3 250
1000	R 3 000	R 2 740	R 5 740

Wiro Tent Desk Calendar

Full Colour Print on Gloss Board,
Ringblinded, Fold Over Pages, 2 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 880	R 800	R 1 680
100	R 1 430	R 1 300	R 2 730
200	R 2 520	R 2 400	R 4 920
500	R 4 720	R 4 720	R 9 440

A3 Wiro Wall Calendar

Full Colour Print on Gloss Board, Wirebind Top,
Month to View + Front Page, 297x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	850	800	R 1 650
50	2500	2500	R 5 000
100	4300	4300	R 8 600
200	7620	7500	R 15 120

A3 Desktop Calendar

Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 297x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	530	R 500	R 1 030
50	1590	R 1 590	R 3 180
100	2620	R 2 620	R 5 240
250	5300	R 5 000	R 10 300
500	10000	R 8 800	R 18 800

A2 Desktop Calendar

Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 420x594mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	7000	R 6 400	R 13 400
100	8290	R 7 000	R 15 290
200	10180	R 9 000	R 19 180
500	14840	R 12 000	R 26 840

Fridge Magnet Calendar

Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 200x220mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	250	100	350
50	880	800	1680
100	1570	1500	3070

A5 Custom Printed Diary

Standard 176 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

Qty	Deposit	on Delivery	Total
1	R195	R 0	R 195
4	R330	R 330	R 660
10	R750	R 750	R 1 500
20	R1 500	R 1 230	R 2 730
50	R3 200	R 2 940	R 6 140

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die

Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.

Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.

KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

2027

DAGBOEKE
NOG BESKIKBAAR
TERWYL VOORRAAD
HOU!

Elisstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

PitStop vir Jesus bied aan

Christo Botha

- Jou verhaal is nog nie klaar nie -

17 Oktober 2026

te Heilbron-Suid
Kerksaal, om 14:00.

Gratis
Ingang & Ete

Laaste spreker vir die jaar!
Almal welkom!

Besprek teen 14 Okt
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775

PitStop vir JESUS

REMINDER

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 15de Des. 2026 sluit en DV die 6de Januarie 2027 open.

Die winkel sluit die 18de Des. 2026 en open die 5de Januarie 2027.

Laaste koerant uitgawe 2026

Heilbron Herald Kersuitgawe -
11 Desember en eerste uitgawe 2027
DV 8 Januarie 2027

Elisstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

Office National

SELF-INKING
STAMPS

SELF-INKING
DATER STAMPS

Elisstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

Office National

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Elisstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

Office National

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

John Watson john@heilbron.co.za

Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Kobus kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192

Silma marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za

(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512

Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Hendie heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)

Marlene (Proeflees van koerant)

Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601

heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in brieue en rubrieke, is dié van die individu en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

What's News neem vroeg die voortou

Die Heilbron Rolbalklub se Besigheidsliga het Donderdag afgeskop, met spanne wat mekaar in die eerste wedstrydronde die stryd aangesê het.

What's News het die eerste ronde sterk afgesluit en beklee tans die eerste plek op die algehele punteleer met twee ligapunte en 'n puntverskil van 62. Kopanang beklee die tweede plek met 'n puntverskil van 44, gevolg deur Bronnies in die derde plek met 'n puntverskil van 34.

Bayer en VKB het ook goed weggespring en beklee onderskeidelik die vierde en vyfde plekke, met elk twee ligapunte. JCB is sesde, terwyl CH

Granite die sewende plek beklee.

Verskeie spanne het nog nie daarin geslaag om ligapunte aan te teken nie, maar met die liga wat pas begin het, is daar nog genoeg geleentheid om die punteleer om te keer.

Die Besigheidsliga beloof om in die komende wedstrydrondes heelwat opwinding te lewer, aangesien spanne sal probeer om hul posisies te verbeter en waardevolle ligapunte in te samel.

Die liga bied aan plaaslike ondernemings die geleentheid om op 'n sportiewe manier mee te ding en bevorder terselfdertyd spanwerk, kameraderie en gesonde mededinging.



PIENK LAP
'N PROJEK DEUR
PINK TREES for pauline
R40 'n meter
Keep jou lap vandag teen 840 'n meter en maak 'n verskil in iemand se lewe. Alle fondse word aangewend om die kanker pasiënte van Heilbron by te staan.
Nou beskikbaar by Louise Snyman Rekenmeesters, Ringerstraat 68, Heilbron.

POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R200 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK
BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R250 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

BKB
The Trusted Name of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake elke keer.
die eerste keer.
reg geding word!

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 19 OKTOBER 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSdag - 20 OKTOBER 2026
eDUMBE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
ANYSSPRUIT Kwartaliese veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
WOENSDAG - 21 OKTOBER 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Vetveeveiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
BOTHAVILLE: MERGA SAVM (Augusta Minnaar)
11:00, Eben Dönges Sportgronde
Kontak Herman Bakkes 082 890 8719
DONDERDAG - 22 OKTOBER 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VRYDAG - 23 OKTOBER 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEAST,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR: 4100101338 REG NR: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071